# KalahariKaroo aanlynveiling uitslae:

Ons sou oorspronklik die 29ste Februarie ‘n veiling in Rustenburg gehou het. Met die onsekerheid wat op daardie stadium bestaan het of dit sou kon afkom a.g.v. bek en klouseer wat nog nie opgehef was nie, het ons besluit om die veiling aanlyn aan te bied. Almal was baie opgewonde oor die idee, maar gou het die lede van die KalahariKaroo groep, waarvan die meeste gewoonlik net die groen en rooi belknoppie op hulle selfone kan druk, besef ons weet eintlik niks van die konsep nie. Terme soos “platform”, “aanlynregistrasie”, “starting bid”, “current bid” ens. het almal nagte laat wakker lê. Ons het vir Cornè en Marlise moedeloos gehad met al die vrae. Nou dat ons terug kyk en deel van hele proses was, was die mal-perd wat ons opgesaal het toe glad nie so mal nie. Vanaf Donderdag het alles mooi in plek begin val. Saterdag was omtrent opwindend veral vanaf 12 uur toe elke lot opeenvolgend begin toe maak het. Van oral het ons oproepe gekry en whatsapp boodskappe van mense wat die veiling omtrent geniet het. Daar was 85 geregistreerde kopers waarvan 41 aktief deelgeneem het. Baie dankie vir almal se ondersteuning deur koop, te bie of net belang te stel, ons waardeer dit baie. Baie dankie Cornè en Marlise van CDP afslaers vir julle geduld en harde werk, om met ‘n boer te werk is moeilik, maar ek dink om met ‘n tegnologies-gestremde boere(dit is die KalahariKaroo boere) ‘n aanlynveiling aan te pak verdien julle defnitief ‘n medalje. Die veiling het bo-verwagting goed afgeloop.

Baie geluk aan Chris Potgieter wat die duurste ram gekoop het vir R26 500 en

Christian en Marizanne von Wielligh wat duurste ooi vir R30 000 gekoop het.

Duurste ooilam is verkoop aan Marius Mitchell vir R17 000.

Gemiddeld van die 13 ramme wat verkoop is R13 153.85 en gemiddeld van die 48 ooie wat verkoop is R5 046.88. Met so bietjie skaafwerk hier en daar kan dit volgende keer net beter gaan. Ek glo nie dit sal gou die tradisionele veilings vervang nie, daarvoor is die boere net te lief om rond te ry en dan vir die dag lekker sosiaal met medeboere te verkeer en natuurlik wil hulle die diere self inspekteer en eerstehands ‘n keuse maak. Dat dit ‘n plek het en al hoe gewilder gaan raak, is ook so.